

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
9 Julie 1972

Onderwerp: Watter stem volg jy?

Lees: Lukas 16 verse 19 tot 31

Teks: Lukas 16 verse 19 tot 31

Sing: Psalm 42 verse 1 en 7
Gesang 14 vers 6
Gesang 32 vers 4

“Ons leef in veranderende tye. Daar is vooruitgang en beweging, maar ook beroering op feitlik elke gebied. Die fondament van die Staat en Kerk word geskud deur Sosialistiese, Kommunistiese nihilisme. Maatskaplike instellings en norme van vorige geslagte word omvêr gewerp deur nuwe teorieë en praktyke. Daar word selfs geëis dat die eerbiedwaardige instellinge, verrigtinge en verordeninge van die Kerk van Jesus Christus moet aanpas en verander.

“Daar is min wat nog die eenvoudige prediking en verkondiging van die Woord en die bediening van die heilige sakramente as enigste padwysers na die verlossing in Christus Jesus aanvaar. Nee, dit is asof die Woord van God en die Evangelie wat elke Sondag van die kansel verkondig word, nie genoeg is vir die redding van siele nie. Ander aksies en pogings moet beproef word om die mens na God te lei. Só is daar denominasies wat voorstaan dat die kerk moet aanpas by die moderne mens en op dieselfde vlak moet beweeg om hom te red. In hierdie poging moet mense vermaak word om hulle na die kerk te lok. Hulle leuse is: lok mense na die kerk op enige denkbare manier. Sodoende word die mens op die voorgrond gestel en die Woord van God op die agtergrond geskuif.

“Baie het vrede met hierdie tendens en sien dit met welgevalle aan met ’n traak my nie houding, omdat dit volgens hulle nodig is om by veranderende tye aan te pas.

“Ons het hier te doen met die mens se soeke na metodes om die mensehart te verander, terwyl dit alleen deur die vrymakende genade van die Heilige Gees bewerk kan word.

“Die groot vraag is: wie is reg? Wat sê God se Woord? Hierdie vrae word steeds dringender en ’n

juiste antwoord word al meer noodsaaklik in die tyd waarin ons leef.

“Die Skrifgedeelte voor ons is een van vele wat in hierdie saak vir ons ’n besliste en duidelike uitspraak gee. Ons het hier twee stemme wat roep om redding van die mens. Die een stem is van bo en die ander van benede. Die een is uit die Hemel en die ander uit die Hel. Die een stem kom van Abraham, die vader van die gelowiges, en die ander van ’n verlore siel.

“Dit gaan hier oor redding van verlore siele op aarde en wel oor die vyf broers van die ryk man. En albei sprekers lyk op die oog af of hulle dit goed bedoel met die red van verlore nes.

“Die ryk man bedoel dit opreg met die redding van sy broers. Hy wil hulle verlos van die Hel, sodat hulle nie sal kom in ‘hierdie plek van pyniging’ nie, waar hy hom nou bevind omdat hy die Woord van God geminag en te laat uitgevind het dat dit ’n plek van foltering is.

“En wie sal betwis dat vader Abraham nie ewe dringend die redding van siele van die weg van die verderf bepleit nie?

“Om te bepaal wie reg is, moet ons kyk na die weë en middels wat albei aanbeveel vir die redding van verlore nes.

“Die ryk man, wat self nie gered is deur die gewone genademiddels nie, soek die redding van sy broers in buitengewone middele. Hy wil Hemel en Hel beweeg tot hulle behoud. Hy smeek Abraham om die verheerlikte Lasarus uit sy hemelse rus na die aarde te stuur, na die huis van sy vader en sy vyf broers: ‘om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.’ (Luk 16:27)

“Vader Abraham, daarenteen, sê aan hom: ‘Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.’ (Luk 16:28)

“Maar die ryk man verlang soveel van die buitengewone verskyning van die gestorwe Lasarus, dat hy selfs teenoor die vader van die gelowiges volhou: ‘Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.’ (Luk 16:30)

“Abraham gee hierop die alles beslissendste uitspraak, ’n uitspraak wat alle twyfel moet opklaar en geldig is vir alle mense van alle tye: ‘As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.’ (Luk 16:31)

“Broers en Susters, hierin het ons dus nou die Hemelse en Helse beskouing oor die redding van siele.

Die stem van die Hemel, die stem van die geloof, wys op die algenoegsaamheid van God se Woord. Hierdie Woord en hierdie Woord alleen is voldoende vir almal se saligheid. Die Hemelse stem wys op die feit dat die gevalle mens homself nie kan verbeter nie. Niks kan hom red nie buiten die algehele vernuwing en herskepping deur die Woord van God: 'want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.' (1 Petr 1:23) Die Hemelse stem wys ook op die magteloosheid en onvolkomendheid van alle menslike pogings om verlore siele te red. Alle pogings wat buite die vrymagtige en alvermoënde werking van God se genade lê en buite God se voorgeskrewe heilsweg lê, is tot mislukking gedoem.

"Daarenteen sê die stem uit die Hel: Nee, die Woord van God alleen is nie genoeg nie. Die mens het té gewoon geraak daaraan. Daar moet nóg iets by God se Woord gevoeg word. Daar moet iets nuuts beproef word, iets aangrypends, iets sensasioneels. Dan sal hulle beweeg word! Dan sal hulle hoor! En om 'n siel te red, mag 'n mens van enigiets gebruik maak.

"Goddank is daar nog gelowiges, wat ten spyte van dit alles, nog staan by die suiwere Woord van God en die Evangelie van die Kruis as enigste middel tot redding.

"En weet u, Broers en Susters, wat hier treffend is, is dat dit oppervlakkig wil voorkom asof die Hel méér bekommerd is oor dié wat verlore gaan op aarde, as die Hemel. Wat 'n medelye en belangstelling is daar nie in die woorde van die ryk man nie. Daarenteen klink die woorde van vader Abraham skynbaar koel, onverskillig en ywerloos.

"Laat ons hierdie twee stemme beoordeel aan die hand van God se Woord, wat 'n lamp is vir ons voet en 'n lig vir ons pad.

"Met watter stem het ons hier en in ons tyd te doen? Is dit die stem van bo, óf die stem van benede; die stem van Abraham, óf die stem van die ryk man; die stem van geloof, óf die stem van twyfel?

"Die nuwerwetse bewegings vloei voort uit die ongeloof aan die algenoegsame krag van God se Woord; ongeloof aan die onwrikbaarheid van die Goddelike verkiesing; en ongeloof aan die onweerstaanbare werking van die Heilige Gees.

"Nee, Broers en Susters, alleen in die onvervalste Woord van God lê die weg tot verlossing. Menslike byvoegings in die kerk doen God 'n oneer aan.

“U verlossing is by die voet van die Kruis, waar die bloed van Jesus Christus u reinig.

“U behoud is in u binnekamer met die geopende Woord van God. Dit is in u binnekamer op u knieë dat u Jesus sal leer ken en God weer sal vind. Daar sal u tot die heerlike ontnugtering kom dat u nie op ’n bonatuurlike teken hoef te wag nie. Daar sal u Jesus, die Jesus van die Skrifte wat sy deurboorde hande na u uithou, toeëien en lewe tot in ewigheid. Daar sal u Jesus hoor sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.’ (Matt 4:4) Jesus se uitspraak is duidelik: ‘Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met ’n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots. En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met ’n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot.’ (Matt 7:24-27)

“Hierin is ’n troos vir elke getuie van Jesus Christus. Ons het ’n magtige algenoegsame wapen in ons hand. Dit is die onvervalste Woord van God, die tweesnydende swaard en hamer wat die hardste hart sag kan maak.

“Trek voort met die Evangelie van die bloed van Jesus Christus wat ons reinig. Alleen daarin lê redding en heil.

“Amen.”

Kommentaar:

Ds. Bester verwys in hierdie preek na “Sosialistiese, Kommunistiese nihilisme”.

Alhoewel Kommunisme sogenaamd tot ’n val gekom het ná ds. Bester se preek, beplan die *New Age* Beweging om wêreldbeheer deur middel van ’n herrese Kommunistiese sisteem te bekom.

Wat meeste mense nie weet nie, is dat Kommunisme in 1829 deur Amerikaanse *New Age* finansmagnate in New York geskep is.ⁱ Daarna is dit met behulp van hul agente, Lenin en Trotsky, op die Russiese bevolking afdwing met die sogenaamde Russiese Revolusie van 1917. Sodoende het hulle ’n brutale sisteem van onderdrukking vervolmaak, wat weer in die toekoms gebruik gaan word om teenstand teen hulle plan om die wêreld te beheer in die kiem te smoor.

ⁱ Van Niekerk, Ds. F. N. *Die Vrymesselary: Sy Geheime en Gevare*. Derde hersiene en bygewerkte uitgawe. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel Transvaal, p. 334 e.v.